

23

HERSIENING LESSE 13-22

Evaluering van kennis

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet 'n goeie kennis hê van Lesse 13-22.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- onthou wat hulle in elke les geleer het.
- 'n goeie algemene kennis van die inhoud van die lesse hê.

Gesindheid

Die kinders moet –

- verstaan waarom dit nodig is om kennis te toets.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprentjie van die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in hulle eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle geleer het, prakties uit te leef.

MEER INLIGTING

Hierdie kategeseboek se titel is *Ek het die Here altyd by my*. In hoofstukke 13-22 het ons die volgende belangrike feite geleer oor hoe Jesus se kerk ontstaan het en hoe ons daarin leef:

- Met die trek uit Egipte het God bewys Hy bly getrou aan sy verbond. Hy beskerm ons vandag nog steeds.
- Ons moet aktief betrokke wees in die erediens en kategese, want so word ons geloof versterk.

- 'n Mens wat vir God lief is, het ook sy naaste lief.
- **Omdat alle mense skepsels van God is, getuig Christene oral in die wêreld van Jesus.*
- **Die kerk het so gegroei dat mense oor die hele wêreld van Jesus gehoor het.*
- **Mense wat anders as ons is, kan ook in God glo, en daarom is hulle ook deel van die kerk.*
- **Gelowiges gee om vir mekaar en daarom bid hulle vir mekaar.*
- Ons kan nie sonder God lewe nie, daarom wil Hy altyd by ons wees – dit gebeur veral in die erediens.
- Ons kan met gerustheid lewe, want as God *vir ons is, wie kan teen ons wees?*
- Met die gebruik van Nagmaal word ons geloof voortdurend versterk.
- God gebruik ook gewone mense soos ons om vir Hom in sy kerk te werk.
- As mense berou het oor hulle foute, gebruik God hulle selfs om groot dinge te doen.
- **Ons Verlosser is in eenvoud soos 'n gewone mens op aarde gebore.*
- **Toe Jesus gebore is, is die grootste belofte van God vervul.*
- **Jesus se geboorte is die mees vreugdevolle gebeurtenis van alle tye.*
- **Jesus is vir gewone mense uit 'n gewone mens gebore.*

***Hierdie lesse word een vir een al om die ander jaar behandel – hersien net die relevante les.**

Jy het nodig:

- Stel 'n hersieningsvraebank op uit Lesse 13-22.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG ONTHOU ONS

BEGIN SO

- Skerp die feite van Lesse 13-22 by MEER INLIGTING hierbo in.
- Gebruik HET HULLE ONTHOU uit al die lesse van Lesse 13-22 en skerp dit weer by die kinders in.
- Elke kategeet doen dit op 'n wyse wat hy of sy goedvind.

Die volgende riglyne kan ook gebruik word:

Verduidelik weer –

- die tema van elke les,
- die aktuele saak waaroor elke les gehandel het, en
- die feite soos wat die kinders onder die opskrif LEER moes gaan memoriseer.

IETS OM TE DOEN

- Deel die vraebank wat jy opgestel het uit.

BY DIE HUIS

Laat hulle –

- Psalm 23 lees en die ontbrekende woorde invul.
- Psalm 23 leer.
- sekermaak dat hulle al die vrae uit die vraebank ken.

AFSLUITING

Laat een van die kinders afsluit met gebed.